

PASIËNTINLIGTINGSBLAD

SKEDULERINGSSTATUS:

S4

Fosaprepitant Equity, 150 mg, poeier vir oplossing vir

infusie Fosaprepitant

Bevat suiker (anhydriese laktose) 375 mg per flessie

Lees die hele inligtingsblad aandagtig deur voordat Fosaprepitant Equity aan u gegee word

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit is moontlik dat u dit weer sal wil lees.
- Indien u nog vrae het, rig dit asseblief aan u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer.
- Fosaprepitant Equity is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet dus nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, selfs al is hulle simptome dieselfde as die van u.

Wat is in hierdie inligtingsblad

1. Wat is Fosaprepitant Equity en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat Fosaprepitant Equity aan u gegee word
3. Hoe om Fosaprepitant Equity te gebruik
4. Moontlike nuwe-effekte
5. Hoe om Fosaprepitant Equity te bewaar
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

1. Wat is Fosaprepitant Equity en waarvoor dit gebruik word

Fosaprepitant Equity bevat die aktiewe bestanddeel fosaprepitant, wat in u liggaam tot aprepitant omskep word. Dit behoort tot 'n groep medisyne genaamd "neurokinien 1 (NK₁) reseptorantagoniste". Die brein het 'n spesifieke streek wat naaheid en braking reguleer. Fosaprepitant Equity werk deur seine na die streek te blokkeer, om sodoende naaheid en braking te verminder.

Fosaprepitant Equity word by volwassenes in kombinasie met ander medisyne gebruik om naarheid en braking veroorsaak deur chemoterapie (kankerbehandeling) wat erge of matige naarheid en braking meebring, te voorkom.

2. Wat u moet weet voordat u Fosaprepitant Equity gebruik.

Fosaprepitant Equity moet nie aan u toegedien word nie:

- indien u hipersensitief (allergies) is vir fosaprepitant, aprepitant, of vir polisorbataat 80 of enige van die ander bestanddele van hierdie medisyne (gelys in afdeling 6).
- saam met medisyne wat pimosisied bevat (gebruik om psigiatrisie siektes te behandel), terfenadien en astemisool (gebruik vir hooikoors en ander allergiese toestande), sisapried (gebruik vir die behandeling van spysverteringsprobleme). Lig u dokter in as u hierdie medisyne gebruik, aangesien die behandeling aangepas moet word voordat u Fosaprepitant Equity begin gebruik.
- indien u swanger is, of u baba borsvoed.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Lig u dokter of gesondheidsorgverskaffer in voordat u Fosaprepitant Equity ontvang:

Spesiale sorg moet gedra word met Fosaprepitant Equity:

- indien u lewersiekte het, want die lewer is belangrik by die afbraak van die medisyne in die liggaam. U dokter sal dus moontlik die toestand van u lewer moet moniteer.

Fosaprepitant Equity moet nie aan kinders gegee word nie.

Ander medisyne en Fosaprepitant Equity

Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in as u enige ander medisyne neem.

(Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Fosaprepitant Equity kan ander medisyne tydens en na behandeling met Fosaprepitant Equity beïnvloed. Daar is sekere medisyne wat nie saam met Fosaprepitant Equity geneem moet word nie (soos pimosied, terfenadien, astemisool en sisapried) of wat 'n dosisaanpassing vereis (sien ook “Fosaprepitant Equity moet nie aan u toegedien word nie”).

Die uitwerking van Fosaprepitant Equity op ander medisyne kan beïnvloed word as u Fosaprepitant Equity saam met ander medisyne neem, insluitend dié wat hieronder gelys word. Bespreek dit asseblief met die dokter of apteker as u enige van die volgende medisyne neem:

- siklosporien, takrolimus, sirolimus, everolimus (immuunonderdrukkers),
- alfentaniël, fentaniël (gebruik om pyn te behandel),
- kinidien (gebruik vir die behandeling van onreëlmatige hartslag),
- medisyne wat ergot-alkaloïed derivate bevat, soos ergotamien en diërgotamien (gebruik vir die behandeling van migraine),
- kortikosteroïede (soos deksametasoon en metielprednisoloon),
- irinotekaan, etoposied, vinorelbien, ifosfamied (medisyne gebruik vir die behandeling van kanker),
- warfarien, akenokumarol (bloedverdunners; bloedtoetse kan nodig wees),
- tolbutamied ('n medisyne gebruik om diabetes te behandel),
- midasolaam, triasolaam, fenobarbitaal (medisyne gebruik vir kalmering of om u te help slaap),
- geboortebeperkingsmiddels wat geboortebeperkingspille, velplakkers, implantate en sekere intra-uteriene apparate (IUA's) wat hormone vrystel kan insluit, werk moontlik nie voldoende wanneer hulle saam met Fosaprepitant Equity gebruik word nie. 'n Ander of bykomende nie-hormonale vorm van geboortebepanking moet gebruik word tydens die behandeling met Fosaprepitant Equity en tot 2 maande na gebruik van Fosaprepitant Equity,
- angswerende medisyne (soos alprasolaam),
- fenitoïen ('n medisyne gebruik vir die behandeling van epilepsie),

- karbamasepien (gebruik vir die behandeling van depressie en stuipe),
- ketokonasool,
- itrakonasool, vorikonasool, posakonasool (swamweermiddels),
- protease-inhibitore (medisyne gebruik vir die behandeling van MIV-infeksies),
- diltiasem ('n medisyne gebruik vir die behandeling van hoë bloeddruk),
- rifampisien, klaritromisien, telitromisien (antibiotika gebruik vir die behandeling van infeksies),
- paroksetien (antidepressant).

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien u swanger is of u baba borsvoed, dink u is dalk swanger, of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat u Fosaprepitant Equity gebruik.

Moenie Fosaprepitant Equity gebruik as u swanger is of u baba borsvoed nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

Daar moet in ag geneem word dat sommige mense duiselig en slaperig kan voel na die gebruik van Fosaprepitant Equity. Indien u duiselig of lomerig voel, vermy om te bestuur of masjinerie te gebruik nadat u hierdie medisyne geneem het (sien 'Moontlike nowe-effekte').

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot hoe 'n mate Fosaprepitant Equity met u daaglikse aktiwiteite kan inmeng nie. U moet seker maak dat u nie bestuur of masjinerie gebruik voordat u nie weet tot hoe 'n mate Fosaprepitant Equity u aantas nie.

3. Hoe om Fosaprepitant Equity te gebruik

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met Fosaprepitant Equity sal duur.

Slegs op Dag 1 sal 150 mg Fosaprepitant Equity gegee word.

Dag 1 (Dag van chemoterapie): Fosaprepitant Equity sal ongeveer 30 minute voordat u met u chemoterapie begin, in die aar toegedien word. U dokter kan u dalk versoek om ander medisyne te neem, insluitend 'n kortikosteroïed (soos deksametasoon) en 'n '5HT₃-antagonis' (soos ondansetron) om naarheid en braking te voorkom.

Slegs vir eenmalige gebruik. Gooi enige ongebruikte gedeelte weg.

Daar sal nie van u verwag word om Fosaprepitant Equity aan uself toe te dien nie. Dit sal aan u gegee word deur 'n persoon wat gekwalifiseer is om dit te doen.

Indien u meer Fosaprepitant Equity kry as wat u moet

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer Fosaprepitant Equity sal toedien, sal hy/sy die dosis beheer. In geval van oordosering sal u dokter egter die oordosering hanteer.

Indien u vergeet om Fosaprepitant Equity te gebruik

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer Fosaprepitant Equity sal toedien, is dit onwaarskynlik dat 'n dosis oorgeslaan sal word.

4. Moontlike neue-effekte

Fosaprepitant Equity kan neue-effekte hê.

Nie alle neue-effekte wat vir Fosaprepitant Equity aangemeld is, word in hierdie inligtingsblad genoem nie.

Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of u enige ongunstige effekte ervaar terwyl u Fosaprepitant Equity gebruik, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om Fosaprepitant Equity te neem en lig u dokter dadelik in:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat dit moeilik maak om te sluk of asem

te haal,

- uitslag of jeuk,
- floute.

Hierdie newe-effekte is almal baie ernstig. Indien u dit ervaar, kan u moontlik 'n ernstige reaksie op Fosaprepitant Equity hê. U kan moontlik dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig u dokter dadelik in as u enige van die volgende waarneem:

- infusieplekreaksies by of naby die infusieplek (ISR). Die meeste ernstige infusieplekreaksies het met 'n spesifieke tipe chemoterapie-medisyne wat brand of blase van die vel (vesikant) kan veroorsaak voorgekom, wat kan lei tot newe-effekte soos pyn, swelling en rooiheid. Afsterwe van velweefsel (nekrose) het al by sommige mense wat hierdie tipe chemoterapie-medisyne kry voorgekom
- stadige hartklop, hart- en bloedsvatsiekte
- ernstige aandoening wat die vel, slymvlies, geslagsdele en oë aantast (Stevens-Johnson-sindroom/toksiese epidermale nekrolise (seldsame ernstige velreaksie))

Al hierdie newe-effekte is ernstig. U kan dringende mediese aandag benodig.

Lig u dokter in as u enige van die volgende newe-effekte waarneem:

Gereelde newe-effekte:

- afname in eetlus
- hoofpyn
- hik
- hardlywigheid, slegte spysvertering
- moegheid
- toename van lewerensieme in u bloed

Minder gereelde newe-effekte:

- bakteriële infeksie, swaminfeksie
- koors met verhoogde risiko vir infeksie, afname in rooibloedselle
- erge dors ten spyte van hoë vloeistofinname
- angstigheid, euforie (gevoel van uiterste geluk), disoriëntasie
- slaperigheid, probleme met denke, gebrek aan energie, smaakversteuring
- oogafskeiding en jeuk
- suising in die ore
- rooiheid van die gesig/vel, warmgloede
- hoes, slym agter in die keel, keelirritasie, nies, seer keel
- windopbreek, naarheid, braking, sooibrand, maagpyn, droë mond, winde laat
- erge hardlywigheid, maagseer, inflammasie van die dunderm en kolon, sere in die mond, buikopsetting
- vel gevoelig vir son, oormatige sweet, aknee, olierige vel, sere op die vel, jeukerige uitslag
- netelroos
- spierspasmas, spierswakheid
- gereelde urinering, meer urien as gewoonlik
- borsongemak, swelling, verandering in manier van loop
- verminderde spierkrag
- verminderde witbloedselle, lae bloednatriumvlakke, gewigsverlies
- aanwesigheid van suiker in die bloed of urien, rooibloedselle (RBC) kan in urien voorkom
- hoë vlakke van alkaliese fosfatase
- verhoogde bloeddruk
- rooiheid van die vel, hetsy oor 'n beperkte area, of oral.

Indien u enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u nuwe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook nuwe-effekte aan SAHPRA rapporteer deur middel van die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA webwerf. Deur nuwe-effekte aan te meld, kan u meer inligting rakende die veiligheid van Fosaprepitant Equity verskaf.

5. Hoe om Fosaprepitant Equity te bewaar

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Bêre by 2 °C tot 8 °C (in 'n yskas).

Moenie na die vervaldatum wat op die kartonhouer aangedui word gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoertype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat Fosaprepitant Equity bevat

Die aktiewe bestanddeel is fosaprepitant. Elke flessie bevat fosaprepitant dimeglumien gelykstaande aan 150 mg fosaprepitant. Na hersamestelling en verdunning bevat 1 ml van die oplossing 1 mg fosaprepitant (1 mg/ml). Die ander bestanddele is: dinatriumedetaat, anhidriese laktose, soutsuur (vir pH-aanpassing), polisorbataat 80, natriumhidroksied (vir pH-aanpassing) en water vir inspuiting.

Hoe Fosaprepitant Equity lyk en inhoud van die pakkie

Wit tot amperwit gevriesdroogde koek of poeier.

Fosaprepitant Equity word verpak in 'n deursigtige buisvormige glasflessie, toegemaak met 'n grys broombutielrubberdop en verseël met 'n aluminium-afklapdeksel.

Verpakkingsgroottes: 1 of 10 flessies.

Houer van die Registrasiesertifikaat

Equity Pharmaceuticals (Pty) Ltd.

Sovereignrylaan 100

Roete 21 Corporate Park

Nellmapiusrylaan

Irene

Pretoria

0157

+27 (0)12 345 1747

Hierdie inligtingsblad is voorheen hersien in

06 Mei 2025

Registrasie/Aansoeknommer

56/5.7.2/1178